
Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 06 Dec 2017
Page: 8
AVE: 30069.29
Circulation: 45000
Part: 1 of 1


Noord Metro Sport

# Vroue hou Tukkies se naam hoog in sport


Vanessa Sardinha-da Silva in aksie tydens die afgelope naweek se Varsity-toernooi. Tuks se vrouestrandvlugbalspan het die eerste keer daarin geslaag om die Varsity-toernooi te wen. Hulle het die span van die Universiteit van Johannesburg in die eindstryd met 52-20 geklop. Tuks se vroue is ook die Suid-Afrikaanse universiteitekampioene en het vanjaar altesaam sewe van die Varsity-toernooie gewen. Foto: REG CALDECOTT

**Wilhelm de Swardt**

Tuks se vrouestrandvlugbalspan het die afgelope naweek in Durban die sewende span van dié universiteit geword wat 'n Varsity-toernooi wen.

Dit was nie die enigste vrouespan van Tuks wat homself laat geld het nie. Die UP-Tuks Delta Drone-sewesspan het derde geeindig in die Dubai-vroue-uitnodigingstoernooi .

Nog 'n hoogtepunt was Michaela Whitebooi (Tuks/HPC) wat 'n silwermedalje op die Wêreld-kurash-byeenkoms in Istanbul gewen het. Kurash is 'n vorm van judo.

Vanessa Sardinha-da Silva en Jaime-Lee Wentzel het in die Varsity-strandvlugbaleindronde die Universiteit van Johannesburg met 52-20 afgeransel. Met dié sege het hulle dalk maar die tweede span geword wat in dieselfde jaar die toernooi asook die Universiteitesport Suid-Afrika (Ussa)-toernooi wen.

Sardinha-da Silva sê hoewel sy en Wentzel in die eindstryd gespeel het, is hul sukses te wyte aan 'n totale spanpoging.

"Shannon de Vries en Khutso Letsoalo het in ons uitspeelwedstryde hul harte uitgespeel om te verseker dat ons bly wen. Ons vier het net een doelwit gehad en dit was om Tuks trots te maak."

Dina Kladis (Tuks se afrigter) sê dat sy verlede Donderdag al 'n voorgevoel gehad het dat iets baie spesiaal gaan gebeur.

"Ek kon die spelers se selfvertroue aanvoel. Gedurende die toernooi was dit ook asof die ander spanne se spelers vir ons respek gehad het. Dit is 'n eerste vir ons."

Kladis is huiwerig om 'n speler uit te sonder maar meen tog dat Wentzel dié span se onbesonge held is.

"Jaime-Lee het nog nooit regtig erkenning vir haar spel gekry nie, maar sy is spesiaal. Verlede jaar het sy 'n groot rol gespeel om te verseker dat ons tot die Varsity-eindronde deurdring en was nou weer die 'gom' wat alles bymekaar gehou het."

Kladis meen dat die voormalige Olimpiese speler, Vitalina Nel, en Kirsten Pocock baie tot die sege bygedra het.

"Hulle het die spelers se taktiese vaardighede baie opgeskerp en gedurende die toernooi baie gedoen om te verseker niemand verloor kop nie."

Tuks se vrouesewesrugbyspan was ongelukkig om nie tot die eindronde deur te dring nie. In die groepwedstryde het hulle die uiteindelike kampioen, Randwick Magic (Australië) met 17-15 geklop.

Ongelukkig is die span in die halfeindronde teen die Ierse Ontwikkelingspan deur geelkaarte gekelder. Die Iere het met 15-10 gewen. Dit was die eerste keer sedert Julie dat Tuks 'n wedstryd in 'n internasionale toernooi verloor.

In die uitspeelwedstryd om die derde plek het Tuks die Royals met 17-15 getroef. 'n Besliste hoogtepunt was sy sege in die kwarteindronde oor België se nasionale span met 14-12. Die nasionale spanne van Rusland, Pole en Wallis was ook in aksie.

Libbie Janse van Rensburg (Tuks se kaptein) skryf die span se sukses aan pure passie toe.

"Ons speel om Tuks trots te maak. Om dit in internasionale toernooie reg te kry, maak dit net soveel meer spesiaal."

Tuks se volgende internasionale toernooi is einde Januarie in Fidji.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.